

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
julie 2017



Die veld brand!

Almal van ons kan seker met redelik min moeite die 9 provinsies van Suid-Afrika opnoem. Of almal dit korrek kan spel, is wel 'n ander vraag. Ons weet ook almal dat daar definitiewe grense vir die provinsies is – en dat daar in die afgelope paar jaar al erge ongelukkighede was oor hoe grenslyne getrek is.

Daar is baie ander gebiede in Suid-Afrika wat net as landstreke bekend staan, en wat in 'n sekere sin grensloos is. Dink maar aan *die Bosveld* of *die Kalahari* saam met vroeëre liedjies soos *Oom Bossie van die Bosveld* (wie was oom Bossie en waar het hy gebly?) en *Ver in die ou Kalahari* (waar is ver?). Hierdie is landstreke met 'n sekere bekoring en almal hunker een of ander tyd na die BOSVELD of KALAHARI, selfs met hoofletters gespel.

Ons het die voorreg gehad om die afgelope dæ saam met ons kinders in “die bosveld” te kuier. Wel nie die diep bosveld nie (waar is dit?), maar die naderliggende bosveld in die suide van Limpopo. Een lekkerte van enige kuier elders as in jou tuisdorp, is die fotogeleenthede wat daarmee saamgaan. Geniet dus gedurende Julie jou eie uitstappiegeleenthede en ook saam met my hierdie *Fotografienuus* en enkele van my “bosveld”-foto's, onder andere *Die veld brand!*

Het jy geweet dat Towerlantern ook 'n aanlynkursus aanbied? Dieselfde kursus, maar in die gerief van jou huis. Enige plek in die wêreld! Stuur 'n [e-pos](#) vir meer inligting.

foto-uitstalling in augustus

Die tyd begin nader kom vir Towerlantern Fotografie se jaarlikse foto-uitstalling.

Jy word hiermee uitgenooi om hieraan deel te neem. Jy het hopelik nou al 'n vouer reg met 'n klompie foto's wat jy oorweeg. Dit is werklik in jou eie belang as jy deelneem – dit gee soveel meer van 'n uitdaging as jy jou foto's ook uitgedruk, gemonteer en gehang kan sien. Kom neem dus asseblief deel. Daar is ongeveer plek vir 50 uitstallers, moet dus ook nie te lank op jou laat wag nie.

Die formele kennisgewing sal binnekort apart uitgestuur word. Ons noem egter die volgende sake:

- Die bedoeling met die uitstalling is om jou as fotograaf die geleentheid te gee om van jou werke te vertoon. Die geleentheid is nie 'n kompetisie nie, en foto's van elke fotograaf wat foto's instuur, sal uitgestal word.
- Enige student (ouer en nuwer) van Towerlantern Fotografie mag deelneem. Aanlynstudente mag ook deelneem; ons sal help met die praktiese aspekte.
- Tien foto's moet ingestuur word, waarvan drie gekeur sal word vir uitstalling. Dié drie moet gemonteer word volgens voorskrifte wat gegee sal word. Nog vier ander foto's van die sewe oorblywendes sal elektronies vertoon word.
- Die datum van die uitstalling is 14 tot 16 Augustus 2017.



Towerlantern Fotografie
-julie 2017-

Kul die kyker!

Baie van die foto's wat ons deesdae sien, en wat bloot sonder enige denke aangestuur word, is so verwerk of geherkonstrueer dat jy nie weet wat om te glo nie. Ons het 'n paar jaar gelede tydens 'n besoek aan Namakwaland, spesiaal na Liefontein toe gery omdat ons op internet so 'n mooi toneel gesien het en daarna gesoek het. Ons het orals gesoek en navraag gedoen. Ons moes uiteindelik hoor dat die foto net 'n gekul was. Die ergste van alles is dat daar selfs 'n Bybelse aanhaling by die foto was.

Maar nou 'n uitdaging vir jou: In plaas daarvan dat jy met verwerkte foto's tevrede is, probeer om self foto's te neem waarmee jy die kyker kull! Maar probeer egter om dit reg te kry sonder enige naverwerking, slegs met toepassing van jou kennis van kamerategniese. Die foto hierby, naamlik *Die stoof brand!*, wys wat ek bedoel.

Die feit dat daar 'n paar jaar gelede 'n verwoestende brand in die Sondela Wildreservaat naby Bela-bela (Warmbad) was, het nie 'n rol gespeel by die neem van hierdie foto, en ook die vroeëre, *Die veld brand!*, in dieselfde wildreservaat, nie.

Ook was die aanvanklike idee nie om jou, die kyker, met enige van hierdie foto's te kul nie.



Die stoof brand!

Wees egter bedag op wat jy sien en glo, fotogewys! Lees op die laaste bladsy hoe hierdie foto's gedoen en geneem is. En stuur gerus ook van jou eie kulfoto's.

Volgende eerstevlak fotografiekursus

Neem kennis van ons volgende fotografiekursus op eerste vlak. Die beplande beindatum is 24 Julie. Oorreed jou vriende om die kursus te kom bywoon. Soos gewoonlik bestaan dié kursus uit 10 klasgeleenthede en strek oor ongeveer 5 weke.

Onthou om van tyd tot tyd Towerlantern se Facebook en webblad te gaan besoek. Jy sal allerlei wenke en idees daar teëkom. Die adresse is:

Facebook-adres: <https://web.facebook.com/towerlantern/>

Webadres: <http://www.towerlantern.co.za/>

Towerlantern Fotografie
-julie 2017-

Laat jou foto's uitstaan


Die boodskap wat ek in hierdie *Fotografienuus* wil oordra, is: Laat jou foto's uitstaan bokant die menigte foto's en die menigtes se foto's. Stel vir jouself voortdurend die uitdaging om foto's te neem wat anders is as die massa s'n.

Anders gestel: As almal hul selfone uitpluk om foto's te neem, sonder enige verdere denke, begin dink wat jy met jou kamera, driepoot en fotografiekennis kan doen. Gaan dan voort en neem foto's wat jou persoonlik bevredig.

Voorbeelde hiervan is die volgende: As almal storm om 'n mooi landskap af te neem, doen dieselfde, maar gebruik as alternatief jou kar se ruite om 'n ekstra perspektief in jou foto in te bring. Of as almal na hul asemes snak by die aanskoue van 'n mooi blom of insek en met hul selfone of outomatiese kameras net die gewone ding doen, sak af op jou knieë of gaan lê plat, en fotografeer die toneel van 'n ongewone hoek af.

By ons onlangse verblyf in die "bosveld", het ek probeer om sonsondergange as weerkaatsingsfoto's weer te gee. By Towerlantern gee ons gereeld ons studente sulke opdragte, maar toe ek dit in 'n Amarak-ruit probeer doen, kon ek op

geen manier die fokussering ingestel kry nie. Die meegaande foto, *Bosveld-aandtoneel*, is een van baie waarmee ek geëindig het, maar wat tog nogal my smaak bevredig. Hier is geen kamera-beweging of iets dergeliks ter sprake nie – net 'n gesukkel met fokussering.



Bosveld-aandtoneel

Volgende gevorderde vlak fotografiekursus

Neem ook kennis van ons volgende gevorderdevlak-fotografiekursus. Die beplande begindatum is 6 September 2017. Oorreed jouself en vriende om hierdie kursus by te woon. Hierdie kursus bestaan ook uit 10 klasgeleenthede en dit strek oor 10 maande, met een klas per maand. Moenie hierdie kans laat verbygaan nie!


Towerlantern Fotografie
-julie 2017 -

Pepper no 30

Word beroemd – vanuit jou eie kombuis! Dit is presies wat gebeur het met die Amerikaanse fotograaf Edward Weston (1886-1958).

Weston het homself van tyd tot tyd toegespits op die fotografering van soetrissies. Gedurende die tydperk 2-6 Augustus 1930, het hy ten minste 30 negatiewe van rissies geneem. Hy het begin om verskillende materiale as agtergronddoek te gebruik, waaronder moeseliën en wit karton, maar die kontras tussen dié materiale en die rissie was te erg na sy sin. Op 3 Augustus 1930 het hy 'n tin-tregter geneem, dit op sy sy gedraai en die rissie net binne die groot opening van die tregter geplaas. Hy skryf:

It was a bright idea, a perfect relief for the pepper and adding reflecting light to important contours. I still had the pepper which caused me a week's work, I had decided I could go no further with it, yet something kept me from taking it to the kitchen, the end of all good peppers. I placed it in the funnel, focused with the Zeiss, and knowing just the viewpoint, recognizing a perfect light, made an exposure of six minutes, with but a few moments' preliminary work, the real preliminary was on in hours passed. I have a great negative – by far the best!



Verwysing: https://en.wikipedia.org/wiki/Pepper_No._30

het jou oë jou bedrieg?

Die veld brand!: Die illusie van brand in hierdie foto is die gevolg van rondspeel met sonsondergangfoto's – ja, dit is wat hierdie is. Die saak wat die illusie grootliks bevorder is die vlak velddiepte wat gebruik is, en dit is verkry deur 'n groot lensopening (f5.6) en sterk inzoëming (275 mm). Die sluiterspoed van 1/800 sekonde het gesorg vir die regte luim. Die donker "rookwalms" is die gevolg van uitfokus takke en blare nader aan die kamera.

Die stoof brand!: Die illusie van brand wat hier geskep word is deur middel van jukstaporing (naasmekaarstelling) van 'n kombuistoneel (die elektriese stoof met kastrolle) en 'n braaivleisvuur buite op 'n stoep se weerkaatsing in 'n venster. Die toneel is nie opgestel nie, dit was bloot net daar. Die foto is geneem vanaf die stoep deur die venster, sonder enige manipulasie (behalwe vir 'n ekstra kastrol op die stoof en 'n gepaste vuur). Lensopening: f5.6, sluiterspoed: 1/13 sekonde; fokale afstand: 140 mm.

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Towerlantern Fotografie
-julie 2017-